NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 7 JULIE 2024

SEWENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Die koms van die Koninkryk in De Eike

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

2 Samuel 6:1-5, 12b-19; Psalm 24; Efesiërs 1:3-14; Markus 6:14-29

SONDAG, 7 JULIE
09:00 Oggenddiens Deuroffer ten bate van: Gemeente eie fondse Erediensspan 1 – Lorraine Louw
MAANDAG, 8 JULIE
DINSDAG, 9 JULIE
SKOLE HEROPEN 09:30 Senior Burger Bybelstudie
WOENSDAG, 10 JULIE
09:30 Vroue Bybelstudie 09:30 Othello Bybelstudie
DONDERDAG, 11 JULIE
09:30 Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal Sopbeurte: Wena Janse van Rensburg, Elmari Schwenke-vd Walt, Dinky Janse van Rensburg, Dotjie Steyn, Maranda vd Merwe, Etetia Conradie

VRYDAG, 12 JULIE	
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 13 JULIE	
	DE EIKE POTJIEKOS KOMPETISIE
SONDAG, 14 JULIE	
	AGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD
09:00	Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Jeugwerk Erediensspan 2 – Elsa Welman

- **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
- **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

GEMEENTENUUS

1. Die lidmaatskap van Margie Burger is vanaf Ladismith gemeente ontvang.
2. Lowry Conradie (Trellissingel) is tans in die hospitaal nadat hy ‘n operasie ondergaan het.
3. Juna van der Merwe (Pendoringstraat) sterk aan nadat sy ‘n operasie ondergaan het.
4. Alta van Zyl (Uitsigslot) ondergaan mediese toetse en is tans in die hospitaal.
5. Joos van Zyl (Uitsigslot) ondervind tans ongemak met sy oë en het ook mediese toetse ondergaan.
6. AC Visser (Othello) het die week in die intensiewe sorg deurgebring.
7. Retha Smit (Klaradyn) is oorlede.
8. Albertus Marais, seun van Albert en Annelie, is Saterdag getroud met Hernadette.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

07/07 Koos Fischer, Stella Botes, Danie Smit(95), Antoinette Bester, Johan de Bod, Janéke Lamprecht
08/07 Joseph Krüger(80), Mattheus Kühn, Lize Fölscher, Leona van Zyl
10/07 Luci Mulder, Albertus van der Merwe, David Davies
11/07 Janette Verster, Bernika van Wyk, Joshua Visser
12/07 Erika Wessels, Jan Barkhuizen, Floors Pretorius, Martin de Koker, Louise Engels, Koos Visagie(91), Stefan Buhr
13/07 Dorette Bruwer

SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed. Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R50 10sakke @ R25

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

DE EIKE POTJIEKOS KOMPETISIE

SATERDAG 13 JULIE 2024

Kom geniet ‘n heerlike bord potjiekos en kyk die rugby – Springbokke teen Ierland – op die grootskerm in die saal.

Etes kan ook weggeneem word.

Etekaartjies teen R80 vir volwassenes en R50 vir kinders onder 12 is beskikbaar by Kerkkantoor of Sondagoggend na afloop van die diens in die voorportaal. Jy kan later betaal per EFT.

VAKANTE POS BY MOEDERGEMEENTE

NGK Kuilsrivier (Moedergemeente) het ‘n vakante pos vir ‘n SKRIBA.

Dit is ‘n halfdag (5/8ste) pos.

Diensaanvaarding 1 Augustus of 1 September 2024.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 16 Julie 2024.

Sien kennisgewingbord in voorportaal vir meer inligting of kontak Moedergemeente se kerkkantoor by 021 903 1529 tussen 08:00 en 13:00.

PREEKSKETS

TEMA: Sing tot eer van die Here, ons Koning

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Psalm 98

Verlede week het ons begin gesels oor koninkrykstyd.

- Wat sê dit vir jou dat die Here Koning is?
- Toe het Samuel ons herinner jou koning reg het op jou totale lewe.
- Ook ons Koning vra letterlik *alles* van ons...

1. **Die lewe in God se koninkryk**

- Nou dink ons verder na: Hoe lyk jou lewe as navolger van God die Koning?
- Hoe verskil jou lewe van hulle wat nie ‘n saak met die Here het nie?

2. **God se koningskap het nie sommer net uit die lug geval nie**.

- Wat leer Psalm 98 ons oor die koningskap van God?
- Die Here het nie sy koningskap sommer net so vir Homself toegeeïen nie.
- Hy het nie net sy koningskap geërf nie!
- Nee, die Here het die oorwinning behaal!
- Hy het alles geskep, en Hy het alles verlos – die tema van die Ou Testament.
- En in die Nuwe Testament het Hy die magte van die duisternis oorwin.
- Dis na Pinksterdag geen geheim meer nie. Die hele wêreld weet dit.

3. **Maar dit strek ook wyer**

- Maar sien jy raak dat God se koningskap nie net tot die kerk beperk is nie!
- Die hele skepping loof saam ons Koning, en verwag sy koms!